MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd

KWARTAAL 4 2021

NUUSBRIEF

HERSTELLING AAN INFRASTRUKTRUUR SKEP **'N VEILIGE LEEROMGEWING VIR KINDERS**

Die jaar 2021 het op 'n hoë noot geëindig nadat herstelwerk aan infrastruktuur by die Promiseland-vroeëkinderontwikkelingsentrum in Galeshewe in Kimberley voltooi is.

Herstelwerk het die installering van 'n splinternuwe Jojo-tenk, splinternuwe plafonne in twee klaskamers, windbedigting van klaskamers, sowel as die voltooiing van die skool se toiletstruktuur ingesluit.

"Ons is dankbaar vir wat Matla A Bokone Solar gedoen het om ons vroeëkinderontwikkelingsentrum te verfraai en die infrastruktuur by die sentrum op te gradeer. Onderrig en leer kan nou in 'n veilige en gevaarvrye omgewing plaasvind. Ons sal sorg vir die sentrum en dit bewaar," **sê Mark Phindo, hoof vroeëkinderontwikkelingspraktisyn by Promiseland-vroeëkinderontwikkelingsentrum.**

Ons is seker dat die kinders wat na dié sentrum gaan dit sal geniet om na die verbeterde skool terug te keer vir 'n jaar van pret en leer!

Die voltooide infrastruktuur

GESONDHEIDSORG **VIR KINDERS**

Ons is bly om aan te kondig dat die eerste fase van ons 2021-2022 geïntegreerde skoolgesondheidsprogram voltooi is en dat reeds meer as 600 gemeenskapsleerders bevoordeel is.

Die program is laat in 2021 voltooi en het die volgende uitkomste behaal: Primêre siftings (54 verwysings); 636 tandheelkundige ondersoeke (28 verwysings); 636 oogtoetse (15 verwysings, 9 leesbrille uitgereik). Dit is bykomend tot alle leerders wat opvoedkundige praatjies oor gesondheidsorg en Covid-19 bygewoon het.

Fase 2 van die projek sal in die eerste kwartaal van 2022 afskop. Altesaam 1 554 leerlinge van 11 primêre skole en hoërskole binne 'n 50km radius van die sonkragaanleg sal uit die projek baat.

"Toegang tot kwaliteit gesondheidsorg vir kinders is baie belangrik aangesien dit tot hul ontwikkeling bydra, hul kennis verbreed, bewustheid rondom gesondheidskwessies skep en tot hul algehele welstand bydra. Dit is veral belangrik in die lig van die las wat die COVID-19-pandemie op ons gemeenskappe geplaas het."

STUDIE**BEURSE:**
Opgeleide jongmense vir 'n toekomstige Suid-Afrika

Ons het die jaar 2021 afgesluit deur drie bykomende studiebeurse aan belowende jong studente toe te ken. Dit bring die totale aantal begunstigdes van studiebeurse na vyf.

Die nuwe begunstigdes is as voltydse studente by universiteite ingeskryf en studeer vir kwalifikasies in Onderwys (Sol Plaatje Universiteit), Sosiale Wetenskappe (Universiteit van die Vrystaat) en Meganiese Ingenieurswese (Sentrale Universiteit van Tegnologie).

Ons is ook bly om aan te kondig ons eerste twee begunstigdes goeie vordering met hul studies maak. Die student studeer onderskeidelik Onderwys (Universiteit van die Vrystaat) en Datawetenskap (Sol Plaatje Universiteit).

Ons wens hulle alle sterkte toe vir hul studies in 2022!

KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP **AAN DIE ORDE VAN DIE DAG**

Ons het sedert die bekendstelling van ons ondernemingsontwikkelingsprogram in Augustus 2022 groot vordering gesien. Beide ons befondste en onbefondste entrepreneurs se onderneming het meetbaar gegroei terwyl die entrepreneurs se sakevernuf in die proses ook ontwikkel is.

Een van die hoogtepunte van die afgelope kwartaal was Kganyang NC Enterprise se uitbreiding na baksteenvervaardiging as deel van die uitbreiding van hul besigheidsomvang. Riverfrech, 'n landboukoöperasie in Riverton het ook aansienlike vordering getoon deur hul plaasgrond suksesvol voor te berei vir plant. Die plantasie sluit koolgewasse en twee kultivars pampoen in. 'n Besproeiingstelsel sal ook geïnstalleer word sodra daar klaar geplant is.

2022 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word. Weens die landwye staat van inperking sal geen vergaderings van aangesig tot aangesig kan plaasvind nie.

BESTEDING AAN EKONOMIESE **ONTWIKKELINGSPROJEKTE (4RDE KWARTAAL)**

Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

Kantoorure:
Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

Skakelbeampte
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com

BLY VEILIG
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:
www.sacoronavirus.co.za

matlaabokonesolar.co.za | info@matlaabokonesolar.co.za | *Like* ons Facebook blad | **RenewEnergyCo**